# H O O F S T U K VIII.

## SLOT.

### A. Kort samevatting.

Op Trek en gedurende die veertiger jare in Transvaal, toe daar geen geleentheid vir skole vir die jeug was nie, is die kinders tog van analfabetisme gered as gevolg van die Voortrekkers se diepe godsdienssin, wat die ouers aangemoedig het om self die onderrig in lees aan hulle kinders te gee wat nodig was vir die selflees van die Bybel en hulle belydenisaflegging. Aan hierdie onderwys was so goed as geen uitgawes verbonde nie.

Gedurende die vyftiger jare was daar geen vaste beleid vir die finansiering van die onderwys nie en het dit dan ook van plek tot plek verskil. Die bronne van inkomste vir die onderwys was hoofsaaklik beperk tot die bydraes in die vorm van skoolgelde direk van die ouers, bydraes uit die kerk- en staatskas, totdat die regering met die skoolreglement van 1859 die onderwysers se salarisse en die daarstelling van skoollokale vir sy rekening geneem het, terwyl die ouers ook hulle deel moes bydra deur skoolgeld te betaal en self te sorg vir die nodige skoolbehoeftes. Hoewel dit dus staatsonderwys was, was dit nog nie heeltemal gratis onderwys nie.

Die 1866-reglement het plaaslike skoolkommissies in die lewe geroep, terwyl die onderwysbeheer aan 'n Algemene Skoolkommissie opgedra is. Laasgenoemde is kort daarna egter ontslaan, waarna die onderwys aan die sorg van die reeds oorlaaide Uitvoerende Raad toevertrou is. Prakties het dit op staatsonderwys neergekom, daar die staat die onderwysers se salarisse betaal het en die ouers hulle geldelike verpligtinge ten opsigte van skoolgelde gerieflikheidshalwe swak nagekom het. Van 1861 tot 1872 is sowat 6% van die totale staatsuitgawes aan die onderwys bestee.

Die Burgerswet van 1874 het 'n stelsel van staatsondersteunde onderwys in die plek van die vroeëre staatsonderwys gestel, waarvolgens die regering toelaes volgens die inskrywing en tipe skool sou betaal, terwyl van die ouers verwag is om vasgestelde skoolgel-

de te betaal. Van skoolkommissies is verwag om te sorg vir behoorlike skoolgeboue, meubels en toebehore, die gereelde invordering van skoolgelde en die betaling van salarisse aan onderwysers. Verreweg die meeste skoolkommissies was egter nie opgewasse en geskik vir die taak nie. Die onderwysbeheer is aan 'n Superintendent-Generaal van Opvoeding in die persoon van Van Gorkum toevertrou, maar hy was onbekwaam vir die pos.

Die Burgerswet was nouliks in werking gestel of dit is vervang deur Lyle se „Payment-by-Results" stelsel, waardeur 'n primêre subsidie per kind en 'n sekondêre subsidie volgens bepaalde eksamenresultate aan onderwysers betaal sou word. Lyle het die kontrole min of meer in die hande van die ouers gelaat, daar hy nie die nodige vertroue in die bevoegdheid van die skoolkommissies gehad het nie. Ds. Bosman het weens hulle onbevoegdheid vir hulle taak die skoolkommissies nie geduld nie. Sy veranderinge met betrekking tot die finansiering van die onderwys is egter nie prakties toegepas nie, omdat die oorlog uitgebreek het.

Na die aanvanklike periode van staatsonderwys het 'n periode van voortdurende wisseling gevolg ( 1874 - 1881 ). Albei was ewe onproduktief op onderwysgebied, en min is deur die ouers teenoor die baie van die staat vir die finansiering van die onderwys gedoen.

Du Toit het die onderwys beskou as 'n saak van die ouer, en om die rede is die oprigting van skole oorgelaat aan partikuliere inisiatief, terwyl die staat sy aandeel aan die onderwys beperk het tot 'n eenvormige subsidiestelsel, gebaseer op die aantal kinders in die skool, die gehalte van die onderwys en die toesighouding oor die regte gebruik van die geld. Die beheer van die onderwys is toevertrou aan 'n Superintendent van Onderwys, wat deur middel van inspeksies van skole en kontrole van onderwysverslae en -state moes waak oor die belange van die onderwys in die algemeen en die geld in die besonder.

Die volk het die stelsel verwelkom en hulle volle steun

daaraan verleen, met die gevolg dat die onderwys gebloei, het want van 43 skole met 872 kinders in 1882 het die leerlinge met oor die 900% toegeneem tot 8170 in 522 skole in 1891 en dit teen 'n geringe toename van die staatsuitgawe aan onderwys van £3. 4. 8 tot £5. 7. 3 per leerling vir die twee jare.

Omdat die stelsel hom egter geleen het tot misbruike ten opsigte van leerlinge waarvoor subsidie getrek is ten opsigte van die groot aantal behoeftige leerlinge wat gratis onderwys ontvang het, het dr. Mansvelt dié euwels probeer uitskakel deur sekere bepalings in sy wet. Veral omdat ouers onder die Du Toit-wet geldelik self so min vir die onderwys van hulle kinders gedoen het en omdat min skoolkommissies werklik moeite gedoen het om die onderwys te bevorder, het dr. Mansvelt bepaal dat skoolkommissies en ouers veel meer moes doen. Skoolkommissies sou deur vaders van skoolgaande kinders en donateurs aan die skoolfonds gekies word, en van hulle sou die inisiatief vir die oprigting van 'n skool uitgaan. Daarbenewens moes hulle sorg vir behoorlike skoolgeboue meubels en toebehore. Hulle skool sou 'n driemaandelikse subsidie van die regering ontvang bereken volgens die totale bedrag aan skoolgelde en vrywillige bydraes wat gedurende die kwartaal ontvang is. Dus alleen nadat die ouers hulle verpligtinge nagekom het, is die subsidie betaal, en skoolkommissies is verder varantwoordelik gehou vir foutief toegekende subsidies. Sodoende het dr. Mansvelt voorkom dat skoolkommissies meer geld kry as waarop hulle geregtig was.

Deur hierdie subsidiestelsel het dr. Mansvelt die ouer se bydrae tot die onderwys van hulle kinders verhoog van baie min onder sy voorganger tot £2.13.8, £2.8.1 en £2.5.9 per kind in 1893, 1894 en 1895 respektiewelik, teenoor die gemiddelde staatsuitgawe per kind per jaar in gesubsidieerde skole vir dieselfde jare van onderskeidelik £4.11.2, £4.14.4 en £5.10.4. Die staatsuitgawe aan gesubsidieerde onderwys per kind per jaar het van

£4.8.2 in 1892 tot £6.14.1 in 1898 toegeneem, terwyl die ouerbydrae per kind per jaar van £2 in 1892 geleidelik verminder het na £1.10.4 per jaar in 1898. Hy het bepaald in sy doel geslaag om die ouers self meer te laat betaal vir die onderwys van hulle kinders, maar dieselfde stelsel het die arm of onwillige ouer se kinders die voorreg van onderwys ontneem.

Die groot aantal gratis leerlinge op skool onder ds. Du Toit het dr. Mansvelt glad nie aangestaan nie, en daarom het hy dit afgeskaf, dog die groot armoede in die Z.A.R., waarmee hy miskien aanvanklik nie ten volle op hoogte was nie, het hom kort daarna genoodsaak om weer vir die behoeftiges voorsiening te maak, sodat in 1898 soveel as 37.2% van alle leerlinge op skool gratis leerlinge was - dus 'n noodsaaklike toegewing wat hy moes maak maar waarvan baie misbruik gemaak is omdat dit so 'n moeilike en uiters delikate saak is om te beslis presies wanneer iemand behoeftig is of nie.

Deur middel van „Besluitskole" ( 1892 ) en staatskole op die goudvelde ( 1896 ) het hy voorsiening gemaak vir onderwys aan Engelssprekendes, dog hulle was nie daarmee tevrede nie, alhoewel hulle ruimer geldelike ondersteuning ontvang het as die Boerekinders.

Ten einde bekwame onderwysers(-esse) en manne vir die staatsdiens op te lei, waaraan daar 'n groot behoefte was, is goeie geldelike voorsiening gemaak vir die doel, en goeie vordering in die opsig is reeds gemaak onder dr. Mansvelt se bewind.

Om die kinders van behoeftige ouers en ouers op die platteland wat ver van die naaste skool af gewoon het, verder tegemoet te kom, is in 1896 voorsiening gemaak vir kosgelde aan sodanige kinders. Dit was 'n baie noodsaaklike tegemoetkoming, waarvan ongelukkig ook veel misbruik gemaak is, want in 1898 was 14.3% van alle leerlinge gratis losiesleerlinge.

Baie geld is beskikbaar gestel vir aanwending aan die

verbetering en/of oprigting van doeltreffende skoolgeboue en onderwyserswonings. Deur middel van bekwame inspekteurs is veel deegliker kontrole oor die onderwys uitgeoefen as ooit tevore, en daarom het die onderwys onder Mansvelt gebloei.

Na 'n halwe eeu van onderwys in die Z.A.R., waarvan die eerste drie dekades min konstruktiefs opgelewer het, het ds. Du Toit die grondslag van 'n gesonde ontwikkeling gelê, waarop dr. Mansvelt met die nodige wysiginge verder kon voortbou, sodat ons teen die einde van die eeu 'n onderwysstelsel gehad het waarvan die organisasie, die administrasie en die deeglike beheer op 'n gesonde en vlotwerkende grondslag was, 'n gesentraliseerde en gesistematiseerde stelsel vir die beheer van onderwysgelde waardeur verkwisting voorkom is.

Na die bostaande oorsig van die finansiering van die onderwys in die Republiek, kan ons die volgende konkludeer:

B.Konklusies.

1. Ouergeld en staatsgeld.

a. Ouergeld.

Die vroegste onderwys in die Transvaal was geheel en al die ouers se aangeleentheid, waarvoor hulle ook die hele finansiele las en verantwoordelikheid moes aanvaar. Die las is enigsens verlig deurdat groepies ouers wat nie te ver van mekaar af gewoon het nie, saamgestaan het om die onderwyser van salaris, voeding en onderdak te voorsien. Dikwels het 'n kamer, woning of losies deel uitgemaak van die ouer se betaling ten opsigte van skoolgeld. Waar een of meer ouers soms gesorg het vir 'n woning vir die onderwyser, het ander weer 'n deel van sy salaris betaal in die vorm van lewensmiddele, terwyl dit weer aan ander oorgelaat was om 'n vasgestelde skoolgeld te betaal.

Geld, dienste, lewensmiddele, losies of 'n woning wat deur die ouers verskaf is, kan alles as ouergeld gereken word. Waar die ouers gedurende die laaste sowat 20 jaar van onderwys

in die Z.A.R. deur middel van die skoolkommissies verantwoordelik was vir die daarstelling van skoolgeboue, onderwyserswonings en skoolmeübels, het hulle hierdie dinge gewoonlik self opgerig met eie arbeid en eie materiaal. Hierdie dienste en materiaal wat hulle verskaf het, maak ook deel uit van die ouergeld.

Ouergeld bestaan onder andere uit die volgende : In sy mees direkte vorm is 'n bepaalde bedrag aan skoolgeld per kind per maand of per kwartaal aan die skoolkommissie betaal in die vorm van kontantgeld. Soms is lewensmiddele in plaas van geld aan die onderwyser gelewer. Die geldwaarde daarvan is beskou as die bedrag wat aan ouergeld betaal word. Die waarde van kos, inwoning of 'n huis wat aan die onderwyser verskaf is, is in geldwaarde geskat en as ouergeld gereken. Die geldwaarde van die materiaal wat deur ouers verskaf is in enige vorm, soos stene, klippe, hout, dekgras, vensters of deure, vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserswonings, of hout vir die maak van skoolmeubels, is geskat en is beskou as ouergeld. Ten laaste is ook dienste wat deur ouers aan die skool gelewer is, as ouergeld beskou. Laasgenoemde sluit in onder andere arbeid in enige vorm gelewer by die oprigting van 'n gebou of die maak en repareer van skoolmeubels of die gereelde skoonmaak en instandhouding van die skoolgebou.

Ouergeld sluit dus in alle bydraes wat deur die ouers gemaak word in die vorm van kontant, materiaal, dienste, arbeid, losies en inwoning, geboue en lewensmiddele wat direk deur die skoolkommissie of onderwyser ontvang en ten behoewe van die onderwys aangewend word.

b. Staatsgeld.

Staatsgeld daarteenoor is geld wat die landsregering ontvang het uit verskillende bronne, soos onder andere belastings, boetes, dienste ( soos bv. poskantoor en spoorweë ), doeane, aksyns, konsessies, lisensiegelde, verkoop van staatsgronde, e.a. Nagenoeg alle ouers en onderdane van die staat dra op direkte of

indirekte wyse by om die staatskas te vul. Die staat ontvang dus geld van sy onderdane uit verskeie bronne en bestee dit weer op verskillende maniere en aan 'n groot verskeidenheid van sake ten behoewe van sy onderdane.

Die plig van opvoeding berus by die ouer, en daarom is die ouer in die eerste plek geroepe om vir die opvoeding en onderwys van die kinders te sorg. Namate die kinders ouer word, word die ouers deur allerlei omstandighede al meer onbekwaam om aan hulle kinders die nodige aandag en versorging te gee, en dan roep hulle die hulp van die skool in, waardeur die huis dan 'n deel van sy taak en verantwoordelikheid aan die skool oordra, maar daarmee gee hy nog geensins sy reg van toesig oor en sy verantwoordelikheid vir die kind prys nie. Prinsipieel berus die oprigting en instandhouding van skole by die ouers, en daarom moet hulle dan ook die finansiële verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Daarom is dit sy plig dat die ouer ouergeld moet bydra vir die opvoeding en onderwys van sy kinders.

Uit sy wese as inrigting van gesag moet die staat sorg vir die handhawing en beveiliging van volkseenheid deur die bevordering en beskikbaarstelling van die nodige middele vir die gesonde volksontwikkeling. Hoewel die staat dus 'n sekere mate van opvoeding kan eis, is die staat self nie geroepe om onderwys te gee nie maar dra dit op aan die skool as bevoegde opvoedingsinstelling. Die staat moet egter ook aan alle burgers gelyke geleenthede vir skoolopvoeding bied, waarvoor dit gevolglik ook nodig is dat hy die regsverhoudinge van die ouer, bestuur, onderwyser en kinders vasstel. Omdat die staat dan ter wille van sy veilige voortbestaan sekere eise aan die skoolopvoeding stel, moet hy ook 'n groot deel van die geldelike las van die skoolopvoeding dra. Die staat is ook die enigste mag om die nodige heffinge op die volk te lê. Hieruit blyk dit dat daar ook staatsgeld nodig is vir die onderwys, sodat die ouer en die staat elk sy deel ten opsigte van die finansiering van die onderwys moet bydra.

Dit bring ons by die netelige kwessie van die verhouding van ouergeld tot staatsgeld. Die antwoord hierop verskil van land tot land en in 'n bepaalde staat ook van tyd tot tyd en word verder ook deur verskillende faktore beïnvloed. Kortliks kom dit meestal daarop neer dat godsdiens 'n bepalende faktor was in die beginsel van finansiering in die onderwys van die Z. A. R.

c. Die invloed van godsdiens op die ouer- en staatsgeld.

In lande waar godsdiens nog 'n groot rol speel in die volkslewe en staatsopvattinge, vind ons gewoonlik dat die bedrag wat aan ouergeld betaal word teenoor staatsgeld, veel hoër is as in lande waar die godsdiens uit die volkslewe en staatsopvattinge verban is, uit hoofde daarvan dat die Christelike ouer die opvoeding as die taak van die ouer beskou, aangesien hy in die „doopsbelofte" onderneem het om vir die opvoeding van sy kind te sorg. J. W. D. Smith wys in 'n hoofstuk „The crisis in Christian education"[1]) daarop dat die Europese onderwysstelsel ontwikkel het uit die Christelike skole van die Middeleeue en dat daar twee basiese elemente in daardie erfenis was wat algemeen aanvaar was: „Man was recognized as a spiritual being with an eternal destiny. He was made by God for life with God. From that fact it followed that man's earthly life only found its meaning and fulfilment in obedience to the moral and spiritual demands of his Christian vocation. God was recognized as the source and ground of all existence, and the ultimate loyalty of man's soul was to Him and Him only."

Die Europese opvoeding was 'n Christelike opvoeding, en so was ook die Voortrekkers in Transvaal oortuigde Christene wat deur 'n essensieel godsdienstige opvoeding hulle kinders nader tot God en Sy verheerliking wou bring. Daarom vind ons dat hulle almal 'n sekere mate van opvoeding en onderwys vir hulle kinders begeer het, met die aflegging van die geloofsbelydenis as vooropgestelde doel. Die meeste Volksraadslede van die Republiek was oortuigde ge-

---

1. Clarke and others: Community and State in relation to Education, 121.

lowiges wat veel klem op godsdiensonderrig op skool gelê het en dus bereid was om die nodige geld te stem om die ouers in die voortsetting van hulle opvoedingstaak te help. Ph. Kohnstamm[1]) beklemtoon die staat se plig teenoor die onderwys van sy jeug waar hy sê: „....in fact, if the State, even the State whose government is not conscious whence its task is derived, has a task assigned to it by God — then the State must demand that education is such as to equip the rising generation to serve this task. Under the conditions of our present-day economic and cultural arrangements, this generally means that the State also provides the necessary means to this end, and at least exercises an oversight over the way in which these means are employed".

Volkome in ooreenstemming met die Christelike beginsels van die Republikeinse bevolking, het die Du Toit- en Mansveltwet die beginsel dat die onderwys die taak van die ouers is, erken en gehandhaaf. Die eendersluidende artikel 1 van die twee wette stel die regering se doel met die onderwys duidelik waar dit sê:

„Art.1. De Regeering der Z. A. Republiek, uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeijingen met het Schoolwezen

(a) Tot het aanmoedigen van particulier inisiatief bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van Scholen;

(b) Tot het Schoolopzigt, voor zoover zij zich geroepen acht, toe te zien , dat haare toekomstige burgers de vereischte Christelijke opvoeding ontvangen."

Die Volksraad het dus uitgegaan van die beginsel dat die ouers die leiding moet neem om 'n skool op te rig. Eers daarna tree die regering in om geldelike ondersteuning te verleen. Die staat het nie die inisiatief geneem om skole op te rig nie: dit

---

1. Clarke and others: Community and State in relation to Education. Kyk hoofstuk Christian education in the world of the present day, 169.

was die taak van die ouers, en dit het hulle taak gebly. Die regering het net aanmoedigend en ondersteunend opgetree op plekke waar dit geblyk het nodig te wees; verder het die staat die nodige toesig gehou om toe te sien dat die kinders 'n Christelike opvoeding ontvang.

Al het dit vir die Boerebevolking soms moeilik gegaan om 'n skool te begin, het die Superintendent van Onderwys tog nie daardie inisiatief uit hulle hande geneem nie, dog sodra 'n skool opgerig is, was hy dadelik gereed om geldelike steun te verleen. Dr. Mansvelt was nie suinig om die onderwys met staatsgeld te ondersteun en verder uit te brei nie, maar altyd was hy onverbiddellik in sy eis dat die ouergeld eers ingesamel moes wees voordat die staatsbydrae gelewer word. Die ouers moes hulle plig as ouers baie duidelik besef en nakom en moes nie verwag dat die staat hulle pligte sou oorneem nie. Om daardie rede het hy so lank hy kon, geveg teen staatsonderwys vir Boerekinders.

In totalitêre state of lande waar die staatsgesag grens aan outokrasie en die godsdiens geen of 'n ondergeskikte rol in die volkslewe speel, word veel minder of meestal geen ouergeld aan die onderwys bestee nie deurdat die staat sy eie skole oprig en finansier met die doel om sy bepaalde ideologieë onder die kinders van kleinsaf te propageer. „The totalitarian State", sê Kandel, „has assumed complete control of the administration of its educational system and has eliminated every vestige of local participation and inisiative. Education and direct indoctrination have become synonomous"[1]). Hierdie tipe staat laat nie individuele vryheid toe nie; die kind is as 't ware staatseiendom en moet derhalwe in staatskole met staatsgeld opgevoed word.

Dwarsdeur die onderwysgeskiedenis van die Z. A. R. is die beginsel gehandhaaf dat dit die ouer se taak is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van sy kind en dat die inisiatief vir die op-

---

1. Kandel, I. L.: Types of administration, 7.

rigting van skole steeds van die ouers moes uitgaan. Hoewel daar ouers was wat traag was in die nakoming van hulle finansiële verpligtinge teenoor die onderwys en opvoeding van hulle kinders, was daar tog ook baie wat hulle pligte getrou gedoen het.

d. Betaling van ouergeld bring groter belangstelling mee.

Enige mens stel meer belang in iets waarvoor hy self moes betaal, as in iets wat hy gratis ontvang. In die onderwys is dit ook die geval. Wanneer 'n ouer verplig word om ouergeld vir die onderwys en opvoeding van sy kinders te betaal, al is die bedrag ook maar gering, sal hy uit die aard van die saak dan meer belang stel in dié aangeleentheid en die algemene vordering van sy kind as wanneer hyself niks betaal nie en alles vry van die staat ontvang sonder enige geldelike bydrae of opoffering van sy kant. Ouers wat wel skoolgelde betaal, sal toesien dat hulle kinders die beste gebruik maak van die fasiliteite wat daardeur beskikbaar gestel word.

Gedurende die tydperk van staatsonderwys in die sestiger jare in die Z. A. R. het die staat die onderwysers se salarisse betaal en vir skoolgeboue gesorg, terwyl van die ouers verwag is om skoolgeld te betaal en vir die skoolbehoeftes te sorg. Weens gebrek aan bekwame en doeltreffende onderwysbeheer in daardie tyd het die ouers feitlik niks gedoen nie, sodat daar amper volkome staatsonderwys was. Die onderwys het toe hoe langer hoe meer gekwyn, en die ouers het minder belang gestel in die skoolontwikkeling van hulle kinders.

Onder die Mansveltreëling, wat die betaling van skoolgelde verpligtend gemaak het vir kinders op skool, het die ouers se belangstelling in die onderwys opgevlam, en dit nieteenstaande daar geen verpligte skoolbesoek in die Z. A. R. was nie.

Die verpligte betaling van ouergeld wat groter belangstelling in die onderwys van die kant van die ouer meebring sal hom onder andere laat toesien dat die kind sy skoolboeke en skoolbehoeftes goed oppas en dit nie verniel nie; die nodige oppassend-

heid op skoolmeubels en -geboue word by die kind tuisgebring, en die ouer sien ook toe dat die kind nie sy tyd in die skool, en daarmee ook die ouergeld, mors nie maar die beste gebruik daarvan maak. Die belangstelling van die kant van die ouer in die verskillende aspekte van die onderwys en opvoeding van sy kind help die opvoeder in sy opvoedingstaak — tot heil van die kind, die ouer, die onderwyser en die staat en dit werk groter ekonomie in die hand.

Om hierdie redes is dit essensieel dat elke ouer, al is hy ook baie behoeftig, tog iets moet bydra vir die opvoeding van sy kinders, al is die bydrae ook maar gering. Dit sal hom nader na die onderwys trek; dit sal in hom die nodige belangstelling in sy kind en sy onderwys wek.

In die Z. A. R. het die betaling van ouergeld tot gevolg gehad dat 'n groot persentasie van die bevolking voortdurend intens belang gestel het in die onderwys van die Republiek, omdat hulle direkte belang daarby gehad het en daarmee gemoeid was. Weliswaar was die bydraes wat van ouers verwag is vir besteding aan die onderwys as salarisse van onderwysers, vir skoolgeboue en onderwyserswonings, skoolbehoeftes en skoolmeubels miskien veels te hoog en was dit vir baie ouers gevolglik nie altyd moontlik om te midde van die heersende armoede in die Republiek die nodige geld te vind nie, maar tog het hulle hard probeer om hulle verpligtinge na te kom.

Die nadeel van te hoë ouerbydrae wat in die Republiek verwag is, was onder andere dat kinders te vroeg uit die skool geneem is, dat skoolgeboue en onderwyserswonings, skoolmeubels en skoolbehoeftes, wat uit die ouergeld aangekoop moes word, dikwels ondoeltreffend en swak was. Hierdie sake kon egter maklik reg gestel word deur verpligte skoolbesoek in te voer en deur byvoorbeeld die oprigting en instandhouding van geboue en skoolmeubels vir die rekening van die staat te neem. Daardeur sou die voordele verbonde aan die betaling van ouergeld behoue gebly het, terwyl die ouers dit ook maklik sou vind om hulle geldelike verpligtinge teenoor die skool na te kom met behoud van die nodige belangstelling in die onderwys.

Dit sou moeilik wees om 'n vaste verhouding tussen ouergeld en staatsgeld te bepaal, aangesien dit in 'n groot mate beïnvloed word deur die rykdom of armoede van gemeenskappe, dog ouergeld behoort minstens soveel te wees dat dit alle skoolboeke en skryfbehoeftes en buitemuurse aktiwiteite van die skool kan finansier. Dit behoort ook aangewend te word vir die aankoop van leermiddele vir gebruik deur en in besit van die kind, sodat dit kan meehelp om die deugde van oppassendheid en verantwoordelikheid by die kind aan te kweek, terwyl dit aan die ander kant ook noodwendig die ouer se aandag en belangstelling sal bepaal by sy taak en verantwoordelikheid om uit hoofde van sy ouerskap te sorg vir die opvoeding en onderwys van sy kind.

2. <u>Ouerskole en staatskole.</u>

a. <u>Ouerskole.</u>

Die skole in die Republiek is aanvanklik op inisiatief van en uit die sak van die ouers opgerig en in stand gehou. Ouerskole is in ooreenstemming met die beginsel dat die onderwys en opvoeding die taak van die ouers is, opgerig deur die ouers self. Sodra 'n groepie ouers in 'n bepaalde omgewing behoefte aan 'n skool vir hulle kinders gevoel het, het van hulle die ouers saamgebring en georganiseer om te besluit op die geskikste plek vir die oprigting van 'n skool. Die ouers moes self alle boumateriaal verskaf en die gebou self oprig. Later het die regering hulp verleen vir die aankoop van hout, sink, deure en vensters, terwyl die ouers alle ander materiaal en arbeid om die gebou te voltooi, moes verskaf. Die regering het deur middel van subsidies ook gehelp om skoolmeubels, leermiddele en 'n deel van die onderwyser se besoldiging te betaal. Die verantwoordelikheid van sulke ouerskole in die Republiek het op die skoolkommissie gerus, en hulle het weer geldelike aanspreeklikheid van elke ouer geëis.

b. <u>Staatskole.</u>

Naas die ouerskole was daar later in die Z. A. R. ook

staatskole wat op regeringskoste opgerig en in stand gehou is, terwyl die salarisse van die onderwyspersoneel aan daardie skole ook deur die staat betaal is. Van hierdie soort skool was daar twee tipes, naamlik dié wat opgerig is onder artikels 46 tot 75 van Wet no. 8 van 1892 en bedoel was vir die behartiging van die hoër onderwys in die Republiek[1]), en die sogenaamde staatskole op die geproklameerde goudvelde, wat ingevolge Wet no. 15 van 1896 opgerig is. In laasgenoemde tipe van staatskole is onderwys gegee aan blanke kinders van arm ouers op die goudvelde en aan blanke kinders van Uitlanders aldaar wat nie Hollands magtig was of kon verstaan nie. Die inisiatief vir die oprigting van staatskole het van die staat uitgegaan, is op staatskoste gebou en onderhou, terwyl ook die onderwysersalarisse uit die staatskas betaal is.

c Ouerskole het by lands- en volksaard gepas.

Die ouerskole het goed by die lands- en volksaard van die Z.A.R. gepas. Waar ouers van 'n bepaalde gemeenskap behoefte gevoel het om 'n skool vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders te stig, kon hulle dit doen, en aangesien hulle die arbeid en die grootste deel van die boumateriaal self verskaf het, is die geboue betreklik goedkoop opgerig. Veral aangesien etlike skole dikwels 'n kortstondige bestaan gehad het as gevolg van droogtes, gebrek aan geld, onderlinge rusie van ouers, die vertrek van die onderwyser of om ander redes, was die finansiële verlies maar klein in vergelyking met wat dit sou wees as die staat doelmatige geboue vir dieselfde doel moes oprig. Dikwels wou die ouers net vir 'n paar jaar of 'n paar maande 'n onderwyser vir hulle kinders hê, en dan is dikwels van 'n beskikbare gebou gebruik gemaak en is losies en inwoning aan hom verskaf om sodoende die uitgawes aan ouergeld so laag te hou dat dit binne hulle betaalvermoë was. Die staat , wat met sy onderdane se

1. Die Staatsgimnasium, Staatsmeisieskool, Staatsmodelskool, Staatsmynskool en skool vir doofstommes en blindes.

geld werk in die beste belang van die gemeenskap, kon nie die risiko loop om baie skole teen groot koste op te rig as dit slegs enkele maande of 'n paar jaar gebruik sou word nie.

'n Groot leemte in die stelsel van ouerskole wat deur die armer gemeenskappe in die Republiek baie gevoel is, is dat daar nie in die voorsiening van regeringsteun in die vorm van subsidies aan skole onderskeid gemaak is of behoorlik rekening gehou is met die finansiële potensiaal van die verskillende gemeenskappe nie. Elke skool het regeringsubsidie ontvang in vaste verhouding tot die bedrag aan ouergeld opgelewer deur elke skoolkommissie. Dit was onregverdig teenoor die armer gebied en het ook die onderwys gestrem, want „the State owes to every child within its borders equal educational advantages up to a minimum standard of efficiency. A child in the poorest section of the State has as much right to this minimum of training as the child of the wealthiest man within the State's borders. The geographical distribution of wealth has no vital relation to the problems of universal education"[1]).

Teen die helfte van die negentiger jare het die Superintendent van Onderwys hierdie leemte aangevoel en dit enigsins probeer verlig. Veral deur die verlening van ekstra subsidie aan die kleiner wykskole en die beskikbaarstelling van gratis losiesbeurse vir behoeftiges het die staat getrag om ook die ouers in die ylbevolkte platteland te help nadat hulle eers self die inisiatief geneem het om 'n skool daar te stel.

Die doel van die oprigting van staatskole op die goudvelde was tweërlei : Eerstens was dit bedoel vir arm kinders van die blanke Boerebevolking op die goudvelde om deur gratis skoolopvoeding die kinders te vrywaar van die skadelike invloed wat die Uitlanders op hulle kon uitoefen, en tweedens was dit bedoel

---

1. Cubberley, E.P. and Elliot, E.C.: State and county school administration , 476.

vir Uitlanderkinders wat nie Hollands kon praat of verstaan nie. Hier het die staat gevoel dat dit sy plig is om deur middel van staatskole die regte gesindheid en gevoel by die Uitlanderkinders teenoor die Z.A.R. aan te kweek, en deur middel van verpligte onderwys in die offisiële taal was die gedagte dat „dien klein addertjes ongemerkt de gifttandjes zullen worden uitgetrokken en zij onschadelijk uit de school de maatschappij zullen intreden"[1]. Die Boerebevolking het egter, en tereg, verontreg gevoel dat Uitlanderkinders soveel meer geld per kind vir onderwys van die staat ontvang as die Boerekinders.

3. <u>Die finansiering van geboue, meubels, skoolbehoeftes en onderwysersalarisse.</u>

In die Z.A.R. was die skoolkommissies verantwoordelik vir die oprigting van skoolgeboue en onderwyserwyserswonings, vir die verskaffing van meubels en skoolbehoeftes en vir die betaling van onderwysers se salarisse. Vir elke £2 wat die skoolkommissie aan skoolgelde en vrywillige bydraes kon byeenbring, het die staat £5 bygedra tot 'n maksimum bedrag van 25/- en 35/- per kind per kwartaal respektiewelik vir laer en hoër onderwys. Uit die ontvange ouergelde en die subsidies moes die skoolkommissies die nodige geboue oprig en in stand hou, die onderwyser betaal en skoolbehoeftes en meubels koop. Dit was nie vir die skoolkommissies moontlik om hulle geldelike verpligtinge daarmee na behore na te kom nie, en omdat die Superintendent van Onderwys gesien het dat die onderwys ly, het hy in 1896 die posisie aanmerklik verbeter deur die Volksraad te beweeg om onder andere die reistoelae van onderwysers uit die buiteland te betaal, 'n subsidie ter waarde van die helfte van die bedrag wat aan skoolmeubels bestee is, te betaal, rentevergoeding te verleen op kapitaal wat gebruik is om geboue op te rig, ekstra subsidie aan wykskole te gee, toelae vir kwekelinge te betaal, subsidie vir

1. L.A. 696 : Supt. van Ond. - Mnr. Frank Lennep, 17 April 1896.

losiesgelde te gee, skoolhuur vir wykskole te betaal, die subsidie vir gratis leerlinge te verhoog en die koste aan hout, sink, vensters en deure vir skole en onderwyserswonings gebruik , te vergoed.

Hierdie groot tegemoetkoming aan die onderwys in die vorm van geldelike hulp aan die skoolkommissies verleen, het laasgenoemdes se taak baie verlig, maar die finansiële las wat hulle moes dra, was so swaar dat hulle dit nog steeds moeilik gevind het om die onderwys na behore te finansier. 'n Groot belemmering was ook dat die staatsubsidies eers na afloop van die kwartaal betaal is. Intussen moes die skoolkommissie en die onderwyser uit skoolgelde alleen die mas opkom, en dit het moeilik gegaan. Hoe armer die omgewing was, hoe kleiner was die skool en gevolglik ook die regering se bydrae. By gebrek aan voldoende geld het die onderwys gely as gevolg van swak geboue, meubels en skoolbehoeftes, en dan moes ook van die dienste van 'n swak onderwyser gebruik gemaak word.

Die onderwyser moes ook te lank wag op sy besoldiging en die skoolkommissies vir die subsidies, en daarom het daar gedurende die laaste drie jare van die onderwys in die Republiek baie stemme opgegaan vir die instelling van vaste maandelikse salarisse vir onderwysers. Ook is gevoel dat dit onregverdig is dat 'n onderwyser se besoldiging onderworpe en direk afhanklik gemaak is van die aantal kinders op skool. Veral op die platteland het die onderwys baie gely vanweë die wisselvalligheid van die onderwyser se salaris, waardeur hy nooit vooruit seker geweet het hoeveel geld hy die volgende maand of kwartaal sou kry of hoe lank die skool nog sou bestaan nie. 'n Vaste salarisskaal sou daardie onsekerheid uit die weg geruim het en meer stabiliteit in die onderwys gebring het. 'n Enkele voordeel wat die onsekere aard van die onderwys meegebring het, was dat dit die onderwyser aangespoor het om sy beste dienste te lewer ten

einde die ouers sodanig te bevredig dat hy sy pos ~~daardeur kan~~ behou.

Dat die Regering van die Z.A.R. die beginsel dat die opvoeding die taak van die ouer is, gehandhaaf het, is lofwaardig ; maar deurgaans is veels te veel van die ouers verwag, veral as ons die swak ekonomiese toestand waarin die grootste deel van die land verkeer het, in gedagte hou. Die land se onderwys moes ly terwille van die strenge handhawing van 'n beginsel. As die staat byvoorbeeld die geboue en onderwysersalarisse vir sy rekening geneem het, sou die beginsel van ouerbydrae nog gehandhaaf gebly het en sou die ouergeld ruimskoots voldoende gewees het om baie doeltreffende meubels en voldoende geskikte skoolbehoeftes aan te skaf. Daardeur sou die beginsel dat die ouer verantwoordelik moet wees vir gedeeltelike betaling vir die onderwys en opvoeding van sy kind gehandhaaf word, sou die ouer sy belangstelling in die onderwys vanweë sy geldelike bydrae behou het en sou die algemene peil van die onderwys verbeter het.

4. <u>Behoeftige ouers: Gratis onderwys en losiesbeurse.</u>

a. <u>Gratis onderwys.</u>

Dwarsdeur die onderwysgeskiedenis van die Z.A.R. was daar een groot faktor wat die onderwys deurgaans gestrem het en die ouers en onderwysowerhede se taak bemoeilik het, naamlik armoede. Dit het dwars in die pad van die beginsel van partikuliere inisiatief, ouergeld en ouerskole gelê. Dit het lastige probleme geskep vir die hele vraagstuk van onderwysfinansiering in die Republiek. Telkens moes spesiale voorsiening vir die kinders van behoeftige ouers gemaak word ten einde hulle nie die voorreg van opvoeding en onderwys te ontneem nie. Vir dié doel is spesiale geldelike voorsiening in die een of ander vorm van subsidie gemaak, maar dan was daar ook weer dadelik persone gereed om misbruik te maak van geld wat nie vir hulle bedoel was nie. Ten einde te voorkom dat kinders van ouers wat

nie daarop geregtig is nie, ook subsidie as gratis leerlinge sou trek, is van skoolkommissies en veldkornette verwag om te sertifiseer dat die ouers van kinders wat daarom aansoek doen, werklik behoeftig is, maar selfs van hulle het geswig voor die versoeking van groter subsidies met geringer inspanning. Dit was ook glad nie so maklik om te onderskei tussen behoeftige en vermoënde ouers nie.

Omdat so baie ouers onder die Du Toit-wet misbruik gemaak het van die voorsiening van subsidies vir behoeftige kinders, het dr. Mansvelt in sy onderwyswet geen voorsiening daarvoor gemaak nie ; maar tog was hy en die Volksraad kort daarna genoodsaak om dit weer in te stel, aangesien die aantal werklik hulpbehoewende kinders in die Republiek veel groter was as wat hulle vermoed het.

b. Losiesbeurse.

As gevolg van verskeie faktore, waarvan die ylbevolktheid van die platteland, die gebrekkige verkeersmiddele en die swak paaie die vernaamstes was, was dit nie altyd moontlik om die skole na die kinders te bring nie, en daarom moes die kinders na die skole gebring word ; dog die armoede het ook weer in die weg van baie ouers gestaan om die vereiste losiesgelde te betaal. Daardeur is baie kinders uit die skool gehou.

Om hierdie toestand van sake die hoof te bied het die regering in 1896 besluit om losiesgelde te betaal aan leerlinge wat verder as drie myl van die skool af woonagtig was, teen £3 tot £6 per kwartaal. Aangesien hierdie losiesbeurse net bedoel was vir behoeftige leerlinge en om derhalwe te voorkom dat misbruik daarvan gemaak word, moes die behoeftige ouers 'n verbintenisvorm invul en onderteken[1]) en moes dit verder gestaaf word deur 'n verklaring van onvermoë om losiesgelde te betaal onderteken deur sowel 'n landdros of veldkornet en kerkraadslede as deur

1. Kyk Bylae B.

die hoof van die skool en die penningmeester van die skoolkommissie[1]. Nieteenstaande hierdie voorsorgmaatreëls teen oneerlikheid het baie ouers wat redelik bemiddeld was, ook gebruik gemaak van die gratislosiesgelde, sodat die Volksraad en die Uitvoerende Raad verplig was om 'n kommissie te benoem om die woorde „onvermogend", „gedeeltelijk onvermogend" en „geheel onvermogend"[2]) te omskryf en daarvolgens betaling van ongeoorloofde losiesbeurse te voorkom.

In 1898 was 37.2% van alle leerlinge in die Z.A.R. gratis leerlinge, terwyl 14.3% van alle leerlinge gratis losiesleerlinge was. Dit is 'n goeie weerspieëling van die groot armoede wat daar in die land geheers het.

Die regering het dus probeer om die ouers soveel moontlik self vir die onderwys en opvoeding van hulle kinders te laat betaal, dog waar die ouers nie oor die nodige geld beskik het nie, het die Volksraad die nodige voorsiening vir armes gemaak. Die wanpraktyke in dié opsig en die neiging by ouers om soveel moontlik uit die Staat te kry, het die Staatspresident egter genoodsaak om hom in skerp woorde daaroor uit te druk, woorde wat selfs vandag nog op baie van toepassing is :„Er ontstond langzamerhand een geest om den Staat geheelenal voor de kinderen te laten zorgen onder beschutting van het woord ‚arm'. Indien men hieraan ging toegeven, zoude het volk geheelenal gedemoraliseerd worden"[3]).

5. <u>Verpligte skoolbesoek en finansiering.</u>

Daar is in onderwyskringe in die Z. A. R. teen die einde van die negentiger jare al sterk daaraan gedink om skoolbesoek tussen sekere leeftydsgrense verpligtend te maak.

a. <u>Waarom verpligte skoolbesoek?</u>

Die beginsel wat aan die invoer van verpligte skoolbesoek

---

1. Kyk Bylae C.
2. U.R.B., 22 Junie 1898, art. 581 en R. 4444/1898.
   Kyk ook bl. 243 hierbo.
3. E.V.R.N., 1898, art.269.

ten grondslag lê, is die eis wat van staatsweë gestel word dat elke kind, vir die veilige en gelukkige voortbestaan van die individu en van die volk, 'n minimum van skoolopvoeding moet geniet. As die ouer sy plig en taak van opvoeding en onderwys teenoor sy kind versaak of nie na behore nakom nie, dan het die staat die reg om in te gryp en te waak oor die belange van sy onderdane. Dit verseker dat elke kind in die staat die verpligte minimum onderwys ontvang. Die staat sal dan ook groter verantwoordelikheid vir die vergrote geldelike las moet help dra.

In die Z. A. R. het die staat die nodige geldelike voorsiening gemaak om die onderwys binne die bereik van elke kind in die Republiek te plaas; en tog was daar teen 1898 nog 'n baie groot persentasie kinders van skoolgaande leeftyd nog nie op skool nie, terwyl die persentasie kinders wat in dieselfde jaar bo standerd 3 was, maar 6.2% van alle skoolgaande kinders bedra het[1]), hoofsaaklik omdat verreweg die meeste ouers gereken het dat 'n paar jaar skoolopleiding vir hulle kinders heeltemal voldoende was. Die enigste middel om te verseker dat alle kinders wel die skool besoek, is deur verpligte skoolbesoek in te voer. Die staat moet ook toesien dat die beste gebruik gemaak word van die geld wat vir onderwys beskikbaar gestel word. Dit is in belang van die kind, van die volk en van die staat, maar die staat moet ook toesien dat aan alle burgers gelyke regte en geleenthede vir skoolopvoeding gegee word. Die ouers, wie se taak dit is om te sorg vir die opvoeding van hulle kinders, moet hierdie fasiliteite benut; en as hulle kinders onvoldoende opvoeding en onderwys ontvang, word hulle 'n gevaar vir hulleself en vir die veilige voortbestaan van die staat. Die onderwys en opvoeding is en bly 'n voorwerp van voortdurende sorg van die staat, want sy eie mag en voortbestaan hang ten nouste saam met die bestaan en voortbestaan van deeglike en behoorlike opvoeding.

---

1. Onderwysverslag oor die jaar 1898, 16.

Thomas Jefferson[1]) was ook ten gunste van „a system of general instruction which shall reach every description of our citizens, from the richest to the poorest", wat die maklikste deur verpligte skoolbesoek verwesenlik kan word. Hy wys verder daarop dat 'n versuim om elke lid van die bevolking skoolopleiding te gee, die volgende ekonomiese uitwerking sou hê: „If children are untaught, their ignorances and vices will in future cost us much dearer in their consequences than it would have done in their correction by a good education".[2]) Die enigste doeltreffende middel hiertoe, is verpligte skoolbesoek.

Een van die belangrikste redes waarom dit in die Z.A.R. onmoontlik en onprakties was om verpligte skoolbesoek in te voer, was die groot tekort aan onderwysers, afgesien van hulle bekwaamheid.

Ten slotte kan opgemerk word dat verpligte skoolbesoek verseker dat alle kinders van skoolgaande leeftyd die nodige onderwys ontvang ten voordele van hulleself en van die staat; dat dit baie addisionele uitgawes vir die staat tot gevolg het maar dat dit ook 'n goeie langtermynbelegging vir die staat is, wat uiteindelik hoë dividende afwerp.

6. <u>Die wesentlike en die praktyk van die finansieringsbeleid van die Z. A. R.</u>

Die hoogste en uiteindelike doel van die opvoeding vir die kinders van die Boerebevolking van die Republiek, met sy kenmerkende Christelike wêreld- en lewensbeskouing, was die religieuse versorging, vorming en ontwikkeling van die jeug. Die Volksraad is in sy onderwyswetgewing gelei deur die beginsel dat die taak van die opvoeding die plig van die ouer is. Alleen die Christengelowiges wat die doopsbelofte afgelê het, aanvaar die verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders as hulle Godgegewe taak,

---

1. Cubberley,E.P. and Elliott,E.C.: State and county school administration, 455.
2. Ibid.

Die wesentlike van die finansieringsbeleid van die Z. A. R. is hierin geleë dat dit nie die taak van die ouer uit sy hande wou wegneem en aan die staat wou toevertrou nie maar juis daardie beginsel gehandhaaf het en daarop voortgebou het. Daarom het die onderwyswetgewing bepaal dat die inisiatief vir die oprigting van skole by die ouers berus, van die ouers moes uitgaan, dat die ouers ouergeld moes betaal om ouerskole te help finansier. Die staat se bemoeiinge met die onderwys was beperk tot die aanmoediging en ondersteuning van die partikuliere inisiatief deur die beskikbaarstelling van geldelike bydraes. Die staat het ook toesig gehou oor die onderwys om daaroor te waak dat sy toekomstige burgers die vereiste Protestants-Christelike opvoeding ontvang.

Nieteenstaande die swak ekonomiese toestand van die land, wat dit vir die ouers soms baie moeilik gemaak het om hulle taak as ouer uit te voer, is die beginsel tog deurgaans gehandhaaf. Die probleme wat veroorsaak is deur die ylbevolkte platteland, het die praktiese uitvoerbaarheid daarvan bemoeilik maar tog nie onmoontlik gemaak nie. Hierdie moeilikheid en die probleme wat deur armoede geskep is, is te bowe gekom deur die instelling van losiesbeurse vir behoeftiges en die beskikbaarstelling van subsidies vir kinders van onvermoënde ouers; maar by dit alles is nog steeds ouergeld verwag om die ouer te herinner aan en te verplig om sy taak as ouer, wat met die doopsbelofte herbevestig is, na te kom.

Die meeste ouers het egter nie hierdie beginsel ten volle begryp nie, en daarom het dit in 'n groot mate misluk of nie heeltemal in sy doel geslaag nie. Die armoede van die Z.A.R. was een van die grootste faktore wat die praktiese toepassing en uitvoering van hierdie beginsel in die wiele gery het. Maar seker die belangrikste oorsaak van die mislukking van hierdie beginsel in die praktyk was die ongeorganiseerde agterdog van die Boerebevolking teen alles wat van die staat kom. Die Z. A. R. is 'n staat wat tot stand gekom het as gevolg van die vryheidsdrang by mense wat die

juk van staatsdwingelandy aan die Kaap afgegooi het en weggetrek het om in die Transvaal 'n nuwe, vrye tuiste te soek. Steeds gedagtig aan die slegte staatsreëlings wat hulle dáár te beurt geval het, het baie Boere in die Republiek nog steeds slegte dinge van die regering verwag en het hulle nie besef wat tot hulle beswil of ten goede van hulle kinders gedoen is nie.

Sowel die swak verkeersmiddele en -weë van daardie tyd as die gebrek aan koerante en die feit dat so min mense dit kon of wou lees, het alles daartoe bygedra dat die Boer die regering en wat hy doen, met agterdog bejeën. Hierin lê myns insiens die groot rede vir die gedeeltelike mislukking van die beginsel in die praktyk.